**13 November**

**God wil jou hart en verstand, jou menswees, in sy diens hê**

**Skrifgedeelte: Miga 6:1-16**
**Fokusgedeelte: Miga 6:8**

Jy, leser, word saam met die skepping getuie van ’n regstryd tussen God en sy volk gemaak. Die kerk staan in die beskuldigdebank. Die aanklag teen hulle is: Julle het die liefde verloor! Kyk na die roemryke verlede! Kyk hoe het Ek julle op arendsvlerke gedra na vandag toe. En nou dit! Ek soek na jou hart, maar jy vra na die yskoue plig van ’n offer terwyl dit nie praat van jou verootmoediging nie. Julle bring offers, maar julle hart is nie daarin nie. Die liefde is soek! Julle pleeg bedrog met valse maat en gewig. Julle dien afgode, en leuens is tekenend van julle lewe. God se oordeel kom oor die besittings en eetware waarmee onreg gepleeg is. Wat jy saai, sal jy nie maai nie. Nie die vrug van die olyf of die druif sal joune wees nie. Jy sal eet en nie versadig word nie. Wat jy joune noem, sal deur die swaard verwoes word.

Verskriklike woorde! Dink maar aan ons: Ek gaan kerk toe, maar wanneer ek wil. Wat ek daar doen, gaan niemand aan nie! Ek is in my binnekamer en in die erediens met God se dinge besig, maar my gedagtes is ver van Hom af. Ek doen soos ek goeddink, moenie my voorskryf nie! Ek is eg Gereformeerd!

Dink weer. Gereformeerd-wees beteken om met jou hele hart en lewe met God in gemeenskap te wees. Om met jou oor naby die Woord te leef. Daarvoor het Jesus Christus Homself gegee en die Heilige Gees as die Leermeester van die Woord in jou hart.

*Psalm 18:12 (Totius)* *Ds. Vasie de Kock (Potchefstroom-Suid)*